HOE BEREI EK MY KIND VOOR OP TOEKOMSTIGE TRAUMA?
Ontwikkeling van emosionele intelligensie

PASTORALE BERADINGSKURSUS - SATERDAG 9 MEI 2020

CORNELIA - VRYSTAAT

Prof Wentzel Coetzer

Daniel Siegel en Tina Payne Bryson toon in hul boek, *The yes brain child,* treffend aan hoedat 'n kind gehelp kan word om ja te sê vir die wêreld. Die riglyne is daarop gerig om hulle aan te moedig om hul denke oop te stel vir nuwe uitdagings en nuwe geleenthede en ook te besef oor watter potensiaal hulle reeds beskik - dit gaan daaroor om aan hulle 'n *Ja-Brein* te gee. Hierteenoor veroorsaak 'n *Nee-Brein* dat die kind in reaksie is teenoor ander en dit maak dit bykans onmoontlik om te luister, te fokus en goeie besluite te neem. Wanneer ouers en opvoeders help om 'n *Ja-Brein* by kinders te vestig, impliseer dit tegelykertyd ook die vestiging van emosionele intelligensie asook vaardighede om krisisse en trauma in die toekoms te kan hanteer.

In hierdie kursus gaan ons enersyds let op die belangrikste riglyne vanuit Siegel en Payne Bryson se boek, en andersyds ook in watter mate dit ooreenstem met soortgelyke beginsels wat eeue gelede reeds in die Woord vasgelê is. Inleidend sal daar ook 'n kort aanbieding gedoen word van die beplande wisselwerking in die toekoms by hierdie betrokke opleidingsentrum tussen die fisiese (mediese), emosionele (sielkundig en psigiatries) en pastorale/geestelike dimensies.

Plek: Odendaalstraat 10, Cornelia (bloudak-gebou)

Datum: Saterdag 9 Mei 2020 - sluit in verversings, ligte middagete en sleutelnotas.

Tyd: 08:30 - 15:00

Akkreditering: 5x VBO en 4x CPSC punte

Google map aanwysings: https://maps.app.goo.gl/dHqT8jaqTLvDMptC7

Koste: R500 per persoon (R900 per egpaar)

Handleiding te koop - opsioneel: R180 (posgeld: R99 ekstra - PostNet)

Om te bespreek: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by die volgende rekening:

Lemar Trust

Investecbank

Tjekrek no: 10011627499

Takkode: 580108

Verwysing: Naam en van en 9 Mei

Epos bewys van oorbetaling na: info.goupot@gmail.com EN wentzelc@gmail.com

Navrae: 083 660 0409 of 082 577 8810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Slegs 'n beperkte getal persone sal geakkommodeer kan word.